# HOOFSTUK 5

## Slotopmerkings en die pad vorentoe.

### 5.1 Inleiding


Die intervensieprogram wat in hoofstuk vier voltooi is was 'n poging om die konstruk *leierskapstrategieë* vir effektiewe selfbestuur te fasiliteer. Dit is gedoen deur van taal (en in die besonder gesprek) gebruik te maak asook om sterk te steun op die humanistiese en die leerteoretiese benaderings in die proses. Hierdie finale hoofstuk wil vasstel of hierdie intervensieprogram suksesvol was of nie. Verder moet daar ook vasgestel word of daar enige tekortkominge in die ondersoek is. Laastens moet daar aanbevelings gemaak word vir die oorbrugging van die tekortkominge.

### 5.2 Analise en interpretasie van die November-2000 matriekeksamen uitslae.

Daar sal nou voortgegaan word om na die November-matriekeksamen uitslae te kyk en te ontleed of die doel van hierdie studie bereik is of nie. Die kern aanname van die studie was dat die eksperimentele groep matriekleerders aan die einde van die intervensieprogram hulself met leierskapstrategieë vir effektiewe selfbestuur bemagtig het. Die verwagting is dat die leerders wat hulself effektief bestuur hul matrikulasie-eindeksamen suksesvol sal afhandel.

Die kwantitatiewe maatstaf vir die sukses van die intervensieprogram sal dus die November- 2000 eksamenuitslae van die leerders in die eksperimentele groep wees. Dit sal dan vergelyk word met die finale uitslae van die leerders in die

kontrolegroep. Die kontrolegroep het nie aan die intervensie program deelgeneem nie en daar word aanvaar dat hulle nie met leierskapstrategieë bemagtig was nie. Die verwagting is dus dat die eksperimentele groep beter behoort te vaar in die eksamen as die leerders van die kontrolegroep. Die diagram hieronder illustreer die bespreking wat volg:




**Figuur 5.1 November 2000 Eksamen uitslae van Eersterust Sekondêr.**

Uit die diagram blyk dit dat die eksamen uitslae van beide die kontrole- en eksperimentele groepe 'n verbetering toon. Hierdie verbetering word voorgestel deur 'n verhoogde slaagsyfer in albei groepe. Die verskil is egter dat daar 'n 19,05% slaagsyfer in die kontrolegroep is en dat die eksperimentele groep 'n 35,71% slaagsyfer het. Dit stel 'n 8,52% verbetering in uitslae voor vir die kontrole groep en 'n 28,57% voor vir die eksperimentele groep.

'n Eenvoudige slotsom vir bogenoemde uitslae is dat die groeplede van die eksperimentele - en kontrolegroep albei 'n noemenswaardige verbetering in hul November-uitslae getoon het . Dit is egter duidelik dat die eksperimentele groep se verbetering hoër is as die van die kontrolegroep.

Die redes waarom die kontrolegroepe wel 'n verbetering getoon het is moontlik toe te skryf aan die feit dat hierdie 'n finale eksamen was en veral omdat dit al die leerders se finale skooljaar was. Leerders neig om harder te werk wanneer hulle besef dat dit die finale eksamen is (Matriek puntestate van Sekondêre Skool Eersterust vanaf 1996 tot 2001). Gewoonlik neem die matriekleerders nie die Junie- en September-eksamen ernstig op nie . Sodra die finale eksamen in November aanbreek, gaan dit gepaard met toegewyde studie. Die rede hiervoor mag wees dat hulle besef dat hierdie eksamen die verskil van slaag of druip kan maak en omdat hulle 'n nasionale sertifikaat verwerf.

Die beïnvloeding van die belangrike ander in al die matriekleerders se gesins- en sosiale verband kon ook 'n positiewe invloed op al die leerders uitgeoefen het. Die feit dat die leerders weet dat hul ouers en die gemeenskap sukses van hulle verwag speel ook 'n rol. Ouers se verwagtinge plaas heelwat druk op die leerders om goed te presteer.

Daar kan verder aanvaar word dat suksesvolle leerder wel 'n redelike mate van effektiewe selfbestuur toegepas het. Dit blyk egter dat die meerderheid van die kontrolegroep nie leierskapstrategieë ingespan het om hulself effektief te bestuur nie. Die rede hiervoor lê moontlik daarin dat hulle nie die geleentheid gehad het om leierskapstrategieë aan te leer vir effektiewe selfbestuur nie.

Die uitslae van die eksperimentele groep toon 'n merkwaardige verbetering in vergelyking met dié van die kontrolegroep. Die persentasie verskil met betrekking tot die verbetering van eksamen uitslae is 9,52 % vir die kontrole groep en 28,57% vir die eksperimentele groep. Die verbetering in die eksperimentele groep is 'n positiewe verbetering wat net soos die kontrole groep se verbetering aan heelwat beïnvloedende faktore toegeskryf kan word. Hierdie faktore is onder andere:

- die druk finale eksamen,
- die finale skooljaar van die leerders,
- die druk wat die verwagtinge van ouers, onderwysers en die gemeenskap op leerders plaas, en
- die intervensieprogram se suksesvolle fasilitering van leierskapstrategieë vir effektiewe selfbestuur. Daar was inderdaad 'n beduidende verandering in die matriekleerders se gesindheid teenoor die eksamen en hul gedrag was meer volwasse en verantwoordelik. Hulle het die meeste van die selfbestuur en leierskap elemente in die eksamen op 'n uiters verantwoordelike manier toegepas. Die deelnemers het in die nabetragting sessie die waarde van die selfbestuursvaardighede beklemtoon.

Hulle het genoem dat hulle gebruik gemaak het van onder andere: positiewe aanmanings, die verwydering van negatiewe wenke, belonings, doelwitte, interne dialoogmet gesag. Almal van hulle het egter die waarde van 'n visie baie hoog geskat.

## 5.3 Gevolgtrekking: Die bevindings van die ondersoek, vrae en doelwitte

'n Logiesie gevolgtrekking van hierdie studie dat leierskapstrategieë wel aangeleer kan word. Verder het verworwe leierskapstrategieë leerders gedeeltelik in staat gestel om hulself effektief te bestuur. 'n Ontleding kan nou gemaak word ten opsigte van die mate waarin die navorser daarin geslaag het om die gestelde doelwitte van die studie te bereik en in hoe 'n mate hy deur sy paradigmatiese perspektief hierdie doelwitte bereik het.

Die navorser sien homself as 'n humanis wat glo dat gedrag aangeleer en gewysig kan word. Die nuwe gedrag word aan die persoon bekend gemaak deur die konstrukte wat deur taal en tegnologie soos televisie, videos. aan hom gekommunikeer word. Die navorser leef met die deelnemers in 'n post-moderne en post-apartheid Suid-Afrika waar geleenthede en moontlikhede aan alle burgers oopgestel is deur die bevryding na 1994. Die post-modernisme wil graag sien dat die persoon homself effektief bestuur en daarna kan hy 'n effektiewe interpersoonlike leier word. Een van die geleenthede was deur deelname aan die studie te kon hê en daarvan 'n sukses te probeer maak het. Die navorser en die deelnemers het daarin geslaag om in die raamwerk van bogenoemde paradigmatiese perspektief hulself te bemagtig met leierskapstrategieë en hulself effektief te bestuur. Dit is ook die oplossing van die probleem soos gestel in Hoofstuk Een naamlik dat matrikulante wat hulself bestuur deur gebruik te maak

van leierskapstrategieë se kanse op sukses is beter as vergelykbare matrikulante wat nie oor soortgelyke selfbestuursvaardighede beskik nie.

Hoe het die navorser en die deelnemers daarin geslaag om die paradigmatiese perspektiewe te verwesenlik? Hierdie vraag kan beter beantwoord word indien daar eers na die doelstellings van die studie gekyk word om vas te stel of dit wel bereik was en indien wel, hoe dit bereik is:

- Leierskapstrategieë moes so ontwikkel word dat effektiewe selfbestuur die uiteinde was. Die ontwikkeling van leierskapstrategieë word moontlik gemaak deur die aanleer daarvan. Die intervensieprogram is ontwikkel om van direkte leer, indirekte leer en selfregulering gebruik te maak om die leierskapstrategieë aan te leer.

- Oneffektiewe gedrag moet met effektiewe gedrag vervang word. Die eksperimentele groep het uiteindelik self hul eie gedrag geëvalueer en Vervang met meer effektiewe aangeleerde gedrag. Laasgenoemde reflekteer op die humanistiese beskouing waar die persoon buite homself staan om homself te ondersoek. Hulle het hul genetiese- en omgewingsbeperkings oorkom en hulself in hul selfverwesenliking gehelp vorm. Die gedrag is aan hulle deur taal en redenering gekommunikeer. Die feit dat die deelnemers self hul gedrag kon evalueer en verander dui op effektiewe deelnemende aksienavorsing.

- Die navorser moes 'n wetenskaplike deurskouing, beskrywing, uitleg van interpretasies vir effektiewe selfbestuur maak. Sy analise en interpretasie van data was oorwegend kwalitatief en het na diepere menslike betekenisse gekyk. Die leerders is toegelaat om buite hulself

te staan, te kyk na hul oneffektiewe gedrag, dit te evalueer en daarna te verander na effetiewe gedrag. Dit beklemtoon weer dat die humanisme in hierdie studie bevestig word.

- Die navorser is daarvan bewus dat die studie se uitslae aan die gemeenskap en veral die deelnemers van die studie se uitslae bekend gemaak moet word. Die deelnemers is reeds hiervan verwittig net nadat die November-eksamenuitslae bekend geword het in Januarie 2001. Die gemeenskap sal hiervan ingelig word sodra dit gepubliseer word en in die universiteitsbiblioteek beskikbaar gestel word.

Die kombinasie van die drie perspektiewe in die navorser se paradigmatiese perspektief word uitgebeeld in die bespreking hierbo. 'n Kombinasie soos hierdie word deur Denzin in Denzin & Lincoln (2000: XI & 3) aangemoedig. Die drie perspektiewe naamlik die konstruktivisme, die leerteoretiese beskouing en die humanisme word saam as paradigmatiese perspektief in die studie beklemtoon.

## 5.4 Hipotesetoetsing

Daar is ook deduktief te werk gegaan in die studie. Die gestelde hipotese was: naamlik dat die matrikulant wel leierskapstrategieë kan aanleer en homself effektief kan bestuur. Hierdie hipotese kan aanvaar word. Die intervensie program het gepoog om die hipotese te evalueer. Die sukses van die eksperimentele groep in die November-eksamen Het die hipotese gestaaf.

Deelnemende aksienavorsing is in die intervensieprogam en die res van die studie effektief toegepas. Die lede van die eksperimentele groep het deurentyd deelname gehad in die soeke na oplossings vir die probleem. In die besprekingsgroepe is

hulle geleentheid gebied om hul saak te stel, moontlike oplossings vir probleme te verskaf, dit te deurdink en te bespreek. Daarna moes hulle oplossings aanvaar en begin toepas en hul eie gedrag probeer verander of verbeter. Die navorser het die rol van fasiliteerder, ouer, onderwyser en gemeenskapsleier gespeel en die deelnemers gehelp om hulself gedurende die intervensie program te bemagtig.

Die data is kwantitatief en kwalitatief ingesamel en geïnterpreteer. Betroubare en verantwoordbare uitslae is sodoende verkry en die intervensieprogram is daarop gebaseer en geloods. Na die intervensieprogram is daar weer van kwantitatiewe interpretasies gebruik gemaak om vas te stel of die November-eksamenuitslae, die intervensieprogram en die navorsing 'n sukses was. 'n Empiriese vergelyking van die eksperimentele groep en die kontrolegroep se eksamenuitslae is daarna gedoen.

## 5.5 Tekortkominge

Tekortkominge is te bespeur in sowel die studie as in die intervensieprogram.

Die volgende kan as tekortkoming uitgelig word:

- Die vraelys aan die eksperimentele groep voldoen nie aan kwantitatiewe standaarde nie .Die rede hiervoor is dat die die vraelyste nie-gestandaardiseerd is nie en dat die vergelykende studie van die Junie en November 2000-matriekuitslae alleen nie voldoende was om die geldigheid van van die navorsing te bevestig nie.

- Die navorser het meer onderrig gegee as gefasiliteer in die intervensieprogram. Hy het meer onderrig en die groep in lesvorm onderrig as wat hulle eintlik self ontdek of ontwikkel het.

- Die deelnemers is nie voldoende geleentheid gegun om self tot aktiwiteit oor te gaan nie. Hulle het self minder ontdek, want hulle is vertel. (Hulle het insigte beperk toegepas hul lewens situasies en wel relatief terugvoering daarvan verskaf..

- Die leerders van die kontrolegroep en die ander matrikulante kon nie baat by die intervensieprogram nie.

- Die uitslae van die studie is van so 'n aard dat dit nie landswyd veralgemeen kan word nie. Die rede daarvoor is dat die studie nie die hele land se populasie verteenwoordig nie, maar slegs die populasie van Sekondêre Skool Eersterust. Hierdie leemte sal in die volgende afdeling aangespreek word.

- Dit wat die navorser wou ondersoek (dit is of effektiewe selfbestuur die absolute faktor is wat die sukses in die matrikulant se finale eksamen beïnvloed) is nie voldoende bewys nie. Omdat die matriekleerder se matriekuitslae ook deur ander faktore beïnvloed kon word.

## 5.6 **Aanbevelings en riglyne vir verdere studies**

In die lig van die tekortkominge is dit wenslik om moontlike aanbevelings te maak vir verdere studies van die tema. Die aanbevelings is onder andere:

- In die lig van die feit dat daar heelwat studies beskikbaar is omtrent inter-persoonlike leierskapstrategieë en tot dusver min studies gevoer op die gebied van selfbestuur wil die navorser aanbeveel dat meer navorsing op die gebied van selfbestuur gedoen word, omdat die tema so 'n belangrike deel van die matriek- en ander leerders se opvoeding vorm.

- Verdere navorsing in verband met hierdie tema behoort onderneem te word veral sodat aandag geskenk kan word aan die tekortkominge van hierdie studie. Tekortkominge soos in die paragraaf hierbo bespreek, behoort aangespreek te word.

- Effektiewe fasilitering van selfbestuur binne die leerarea Lewensoriëntering behoort nagevors te word.

- Opleidingskursusse en inligtingsbrosjures behoort aan ouers en gemeenskapsleiers beskikbaar gestel te word sodat hulle die waarde van leierskapstrategieë vir effektiewe selfbestuur kan besef.

## 5.7 Slot opmerkings

Die navorser wil 'n beroep doen op die onderwysowerhede, ouers en gemeenskapsleiers om die belang van selfbestuur in die leerarea Lewensoriëntering te benadruk. Leerders van alle grade behoort begeleiding te kry in hierdie aspek van hulle opvoeding en ontwikkeling. Die verwerwing van selfbestuur behoort deur alle opvoeders in alle leerareas gefasiliteer te word.